# DIE TEOLOGIESE SKOOL EN ONS VOLKSLEWE.

Toe in ons land teen die opkomende Liberalisme op kerklike gebied aan die einde van die vyftiger en die begin van die sestiger jare van die vorige eeu heil gesoek is in gevoelsgodsdiens, opwekkingsdienste en Pinksterbidure, het die Gereformeerde volksdeel (die Doppers) hierteenoor gestel *terugkeer tot die Gereformeerde belydenis.* En toe dit vir hulle onmoontlik gemaak is om binne die destydsbestaande kerklike verbande tot die Gereformeerde belydenis terug te keer in alle opsigte, nl. in leer, diens en kerkregering, het dit gekom tot afsonderlike kerkformasie in 1859. Dit was geen nuwe kerkstigting nie, aldus die vaders van die Geref. Afskeiding in 1869 in hulle „Openbare verklaring van onze Afscheiding van de Ned. Herv. Kerk in de Z.A. Republiek en van de Ned. Geref. Kerk in den Oranje-Vrystaat en Kaap Kolonie," maar 'n *herstigting* van die Geref. Kerk volgens die eie statute van hierdie Kerk. As rede waarom hulle tot herstigting van die Geref. Kerk volgens die eie, historiese statute daarvan, gekom het in die S.A. Republiek, het die vaders genoem dat die daar bestaande Kerk geweier het om Gereformeerd te wees, en hulle op hierdie manier buite die geleentheid gestel het om die aangebode hulp uit

die Christelik-Gereformeerde Kerk van Nederland, (deur ds. D. Postma aangebied) te geniet. Die Gereformeerde Kerk het spoedig ook na die Vrystaat en Kaapland uitgebrei. En uit hierdie kerkformasie het die Teol. Skool van die Geref. Gemeentes van Suid-Afrika tien jaar later, nl. in die jaar 1869, voortgekom.

Die Teol. Skool was op 29 November, 1944, vyf-en-sewentig jaar oud. In Januarie 1945, gedurende die sitting van die Generale Sinode van die Geref. Gemeentes van Suid-Afrika op Potchefstroom, sal die vyf-en-sewentigjarige bestaan van die Teol. Skool feestelik herdenk word. En dit is seker nie onvanpas om nou in herinnering te bring wat hierdie inrigting vir die opleiding van dienaars van die Woord *vir die Afrikaanse volkslewe* beteken het.

Die Teol. Skool is gebore uit die *vrye beginsel*. Hieronder verstaan ons *dit*: dat die kerke of gemeentes geroepe is van Godsweë om self te sorg vir die bediening van Woord en Sakramente; om self die stoflike middele te verskaf om die openbare godsdiens in stand te hou en om self te sorg vir die opleiding van die bedienaars van die Woord.

In die vyftiger jare van die vorige eeu was toestande heeltemal anders as vandag. Ook was die verhouding tussen kerk en staat heeltemal anders in Suid-Afrika as wat ons dit vandag ken. In die S.A. Republiek was daar 'n staatskerk—die Ned. Herv. Kerk—wie se lidmaatskap noodsaaklik was vir die bekleding van enige openbare amp in die Republiek en wie se leraars deur die staat onderhou is uit openbare belastinggelde. Ook in die Oranje Vrystaat—hoewel dáár geen offisiële staatskerk was nie—is die leraars deur die staat besoldig. Eweso in Kaapland waar die Ned. Geref. Kerk in 1842 'n eie ordonnansie gekry het en die band tussen kerk en staat toe losser geword het, is tot op daardie tyd (en daarna) die predikantstraktemente nog uit die staatskas betaal.

Die Geref. Kerk in Suid-Afrika het vanaf sy stigting in 1859 geywer vir die *vrye beginsel*. Hy het gestry vir die losmaking van die band tussen kerk en staat. Hy het gestry om, soos ds. D. Postma dit in Februarie, 1869 uitgedruk het in 'n skrywe aan die Volksblad, „die kerk van Constantyn (die Grote) geheel te verloor en die Kerk van Christus terug te vind, sowel in hierdie as in ander opsigte, nl. in leer en vorm."

Uit hierdie *vrye beginsel* is die Teol. Skool van die Geref. Gemeentes van Suid-Afrika gebore. Reeds in 1859 het die ou Geref. vaders begin praat van 'n *eie opleiding*. Hulle het besef dat hulle nie daarop kon reken om predikante uit die buiteland te bekom nie. Hulle het ook aangevoel hoe onwenslik dit was om predikante te betrek vanaf staatsuniversiteite waar die kerk niks te sê het nie, netsoos die Christelik-Geref. Kerk in Nederland dit besef het toe hy uit krag van die vrye beginsel gekom het

tot die oprigting van 'n eie Teol. Skool in Kampen vir die opleiding van bedienaars van die Woord.

En toe die kragte nog te min was om 'n Teol. Skool op te rig, het die twee predikante, di. D. Postma en J. Beyer, met steun van die kerklike vergaderinge, die opleiding tot die diens van die Woord self ter hand geneem te midde van hul menigvuldige werksaamhede, die een op Rustenburg en die ander op Reddersburg. Op die Sinode van 1866 is die eerste twee persone wat só opgelei is, kerklik geëksamineer en tot die diens toegelaat, nl. di. N. J. R. Swart en S. D. Venter. Toe ds. D. Postma in 1866 die beroep na die gemeente van Burgersdorp aangeneem het, was die groot beweegrede daartoe die feit dat die gemeente van Burgersdorp, in samewerking met die ander Geref. gemeentes in Kaapland, dit vir ds. Postma moontlik gemaak het om meer tyd en kragte te bestee aan die opleiding as wat op Rustenburg moontlik was. Só het die Teol. Skool tot stand gekom wat op 29 Nov. 1869 op Burgersdorp geopen is met twee dosente, nl. di. D. Postma en J. Lion Cachet, en met vyf studente.

Gebore en gevoed uit die *vrye beginsel,* het die Teol. Skool vir hierdie beginsel gestry, gedra deur die Geref. gemeentes van Suid-Afrika. Die „Kerk van Constantyn" het egter nie maklik in Suid-Afrika plek gemaak vir die „Kerk van Christus" nie. Daar was soms baie teëstand en baie misverstand, opsetlik of onopsetlik.. In die troebele sestiger jare in die S.A. Republiek is ds. D. Postma en Kommandant S. J. P. Krüger van Rustenburg herhaaldelik daarvan beskuldig dat hulle die bestaande staatskerk (die Kerk van Constantyn) wou omver gooi om hulle eie kerk in die plek daarvan te skuif!

Dat die band tussen kerk en staat in Suid-Afrika losgemaak is; dat die „Kerk van Constantyn" in ons land verdwyn het en plek gemaak het vir die „Kerk van Christus" (die vrye kerk); dat die goue kettings wat tog altyd maar *kettings* was, al was hul ook van goud, afgehaal is van al die kerkformasies in Suid-Afrika, dit was in geen geringe mate te danke aan die stryd van die Geref. gemeentes en die Teol. Skool wat nie alleen kragtig teen die verslawing van die kerk aan die staat opgetree het nie, maar ook prakties die vrye beginsel in kerk en Teol. Skool toegepas en uitgeleef het.

Hierdie seën het die stigting en stryd van die Geref. gemeentes in Suid-Afrika bepaaldelik vir die Transvaal meegebring dat die band tussen kerk en staat losgemaak en die kerk van die staat vrygemaak is. Ons noem dit onomwonde 'n seën hoewel sommige nog treur oor die feit dat die „Kerk van Constantyn" in ons land nie meer bestaan nie. Immers, die Kerk van Christus mag geen ander juk gedoog nie as die juk van Christus.

Dat in die Vrystaat en Kaapland waar die band reeds losser was, dit mettertyd ook heeltemal ontbind is, is te danke aan die deurwerking en oorwinning van die vrye beginsel waarvan die Geref. Kerk en sy Teol. Skool van die begin af voorstanders was. En kragtens ons afkoms en tradisie sal elke poging om die kerk weer aan die staat diensbaar te maak op ons onverbiddelike teëstand stuit, ook al sou die tuig waarmee hulle ons voor die staatswa wil span, van goud wees. Want ons glo nog altyd, soos ds. D. Postma dit in 1869 uitgespreek het: „Die godsdienst, die in de wereld haar onderhoud niet kan vinden, moge uit de wereld verdwijnen, want die is niet uit God."

Aan die begin van hierdie artikel het ek gesê dat, toe in die sestiger jare by die Metodisme met sy gevoelsgodsdiens en opwekkingsdienste heil gesoek is teen die sterk opdringende Liberalisme, die Geref. volksdeel hierteenoor gestel het terugkeer tot die Geref. belydenis. Die Teol. Skool is opgerig deur die Geref. gemeentes om manne op te lei wat die Geref. leer van harte toegedaan is, soos dit vervat is in die Drie Formuliere van Enigheid. Uit die Nederlandse Hoëskole wat destyds juis bolwerke was van die Liberalisme, kon die jong Geref. Gemeentes nie hul predikante betrek nie. Uit Skotland wou die Geref. vaders van die Afskeiding geen predikante hê nie, om redes wat voor die hand gelê het. Uit die Teol. Skool van Kampen kon hulle nie op die duur predikante bly ontvang nie. Hierdie weg is deur allerlei groot besware gedruk. *Die enigste uitweg was 'n eie opleiding.* En so het dit gekom tot die oprigting van die Teol. Skool. En die Teol. Skool het 'n bolwerk geword vir die handhawing en voortplanting van die Geref. belydenis in Suid-Afrika. Toe ander kerkgroepe de facto die band aan die belydenis losser gemaak het, het die Teol. Skool manne opgelei wat met volle oorgegewenheid, sonder enige reserwe, die Dordtse ondertekeningsformulier onderteken het en besliste predikers was van die waarheid van die Woord van God, soos dit in ons Geref. Belydenisskrifte saamgevat is. Toe uit ander kerkgroepe die leus aangehef is: nie die leer nie, maar die lewe, het die Teol. Skool vaster posisie gaan inneem by die Geref. leer en vir die Geref. gemeentes predikante opgelei wat leervas was. Deur die geroep dat daar dooie ortodoksisme gekweek word deur nadruk op die suiwere Gereformeerde leer te laat val, het die Teol. Skool hom gedurende die vyf-en-sewentig jaar van sy bestaan nie van sy koers laat afbring nie. Hy het koers gehou en voortgegaan om manne op te lei vir die kerk wat in hul prediking en herderlike arbeid die Gereformeerde waarheid gehandhaaf het. Hierdeur het die Teol. Skool kragtig meegewerk om die Gereformeerde belydenis vir ons volk te bewaar toe Liberalisme en Metodisme alles in hul vermoë gedoen het om ons volk hierdie belydenis afhandig te maak.

Die feit dat die Teol. Skool gedurende vyf-en-sewentig jaar die Gereformeerde belydenis teenoor allerlei afwykende strominge en geestesrigtinge in die kerklik-godsdienstige lewe in Suid-Afrika bly handhaaf het, was nie sonder vrug nie. Die Skool van ons kerk het kragtig gearbei aan die opbou en verbreiding van die Geref. Teologie in Suid-Afrika. Dat daar vandag in heelwat breër kring as dié van die Geref. Gemeentes weer teruggekeer word na die Geref. belydenis, is vir geen geringe deel te dank aan die invloed van ons Teol. Skool. Die beginsels waarvoor die Skool so lank gestaan en gestry het, is vandag besig om weer hul pad te vind na die hart van ons volk. Ons weet dat die stryd teen allerlei geestesstrominge in ons volkslewe nog lank nie op 'n end is nie. Maar ons het goeie moed en glo dat God van die hemel ons arbeid en worstelinge met sy seën sal bekroon.

Hoewel die Gereformeerde Kerk met welslae gestry het vir die vrye beginsel en vir die losmaking van die destyds-bestaande band tussen kerk en staat, het hy nooit die standpunt aanvaar dat die kerk soos 'n oliedruppel moes dryf op die waters van die volkslewe nie.

*Die bedoeling was nie om die kerk van die volkslewe los te maak nie.* Inteendeel, die kerk moes in die innigste verband met die volkslewe staan. Dit blyk al dadelik uit die aandag wat gegee is aan die opleiding van manne uit die volk tot die bediening. Waar die Ned. Herv. Kerk bv. afhanklik was van Nederland om te voorsien in die behoefte aan predikante, het die Gereformeerdes dadelik die beleid gevolg om landseuns op te lei vir die bediening. Die Gereformeerde Gemeentes het van die begin af 'n sterk nasionale karakter geopenbaar—nasionaal, nie in party-politieke sin nie, maar in die goeie sin *dat hulle innig met die volkslewe en -bestaan saamgeweef was.* Eienaardig is dan ook die onderwerpe waaroor die eerste kandidate tot die heilige diens moes praat toe hulle deur die sinode van 1866 geëksamineer is. Kandidaat S. D. Venter het 'n toespraak gehou oor die vraag: „Wat is een Republiek?" N. J. R. Swart het die vergadering toegespreek oor die vraag: „Wat is een Monarchie?" A. A. J. du Clerq Coetsee het die vraag behandel: „Welke regeering staat tusschen Republikeinsch en Monarchaal?", terwyl J. S. J. Venter 'n toespraak gehou het oor die onderwerp: : „In welke betrekking staat, volgens Gods Woord, de christelijke kerk tot de wereldlijke regeering?" Kragtens tradisie en aard van die volksgroep wat hulleself in hoofsaak in die verband van die Gereformeerde gemeentes kerklik saamgevoeg het, moes die Teol. Skool vanaf sy oprigting 'n sterk nasionale karakter vertoon. Dit was asof die Skool en sy dosente gedurig intuïtief aangevoel het wat die regte nasionale koers was. Die Skool het homself nie alleen altyd daarby gevoeg nie, maar ook gedurig leiding gegee. Ons dink hier bvb. aan die

Eerste Taalstryd en die „Genootskap van regte Afrikaners." Die Skool was maar 'n paar jaar oud toe die Genootskap opgerig is. En waar die dosente van 'n ander teologiese semenarium hulleself óf afsydig gehou het óf hulleself aktief teen die saak versit het, daar was die toedrag van sake in die kringe van die Teol. Skool op Burgersdorp heeltemal anders. Anders as by ander offisiële kerklike instansies wat die Eerste Taalbeweging baie aktief bestry het en hoon en smaad uitgestort het oor die voorstanders van Afrikaans, het die Geref. Kerk en die Teol. Skool van die begin af baie simpatiek hierteenoor gestaan en aktiewe steun verleen. Prof. Cachet was een van die leiers van die Eerste Taalbeweging wat die saak gedien en bevorder het met al die geniale gawes waaroor hy beskik het. Dit is dan ook geen toeval dat die Taalmonument op Burgersdorp te staan gekom het nie. Dáár was dit op sy plek want Burgersdorp en die Teol. Skool was soos die Mekka van die destydse Afrikanerdom. Die Teol. Skool was van die begin af 'n sterk bolwerk teen die denasionaliserings- en angliseringsprosesse wat op die Afrikanervolk losgelaat is. Baie hoon en smaad moes daar verduur word, maar dit het die Skool nie van sy koers af gedwing nie.

Gedurende die tweede Goudoorlog (1899—1902) moes die Teol. Skool baie verduur, juis omdat dit altyd die Afrikaans-nasionale beginsels voorgestaan en gedra het. Dit blyk duidelik uit die sobere relaas van die lotgevalle van die Skool gedurende die driejarige oorlog wat deur prof. Cachet in sy rektorale verslag teen die einde van 1902 aan die Kuratore verskaf is. Die Engelse owerheid kon niks teen professore en studente bewys nie, maar het intuïtief aangevoel dat die kring van die Skool hulle nie goedgesind was nie en het tot allerlei onderdrukkende maatreëls die toevlug geneem om die Skool te belemmer. Dit is alleen aan Gods genade te danke dat die Teol. Skool destyds nie heeltemal ontwortel is nie.

Aan die begin van 1905 is die Skool verplaas van Burgersdorp na Potchefstroom. Verskillende faktore het tot die verplasing meegewerk. Een hiervan was die behoefte om die verengelsingsproses in die voormalige S.A. Republiek teen te werk. Ds. P. Postma, destyds voorsitter van die Kuratorium, en saam met dr. J. D. du Toit kragtige voorstander van die verplasing van die Skool na Potchefstroom, het hiervan getuig in 1909: „Na den oorlog—toen de Transvaal grootendeels verwoest was—en destijds het onderwijs onder het Engelsche Bestuur grootendeels Engelsch was—toen openbaarde zich noch krachtiger het idee:—de Theologische School moet verplaatst worden naar de Transvaal om hier een krachtig bolwerk voor het bestand van taal en volk te vormen." (Gedenkboek der Geref. Kerk in Zuid-Afrika, 1909, bls. 136). Die gesonde na-

sionale rigting van die skool is so welbekend dat dit nie nodig is om verder hieroor uit te wei nie. In die tweede Taalstryd wat ná die tweede Goudoorlog gevoer is, het dr. J. D. du Toit (Totius) 'n leidende aandeel geneem. Ons plekruimte laat ons nie toe om besonderhede hier te vermeld nie. Dit is ook nie nodig nie. Ons weet almal dat die oudste teologiese professor van Potchefstroom 'n besielende dryfkrag was in die tweede Taalbeweging en vandag nog stuur en rigting gee. Van watter nasionale betekenis sy werk is—dink o.a. aan Bybelvertaling en Psalmberyming—sal die verre toekoms eers ten volle laat verstaan.

Tiperend van die nasionale karakter van die Teol. Skool is o.a. twee staaltjies wat ek hier wil verhaal. Die eerste was met die Uniedagvierings van 1910. Dit was daardie dag 'n groot okkasie in Potchefstroom. Die Imperiale regimente wat toentertyd op Potchefstroom gestasioneer was, het daardie dag 'n groot en skitterende optog gereël, met 'n blaasorkes voorop, en daaragter 'n prosessie van kanonne wat saluutskote sou skiet. Verder was al die gebruiklike imponerende militêre parafernalia teenwoordig. Al die skole het aan die prosessie deelgeneem, elkeen onder sy eie vaandel. Die leerlinge destyds was meestal kampkinders en oorlogswese. Met groot Hosanna-geroep is Uniedag gevier en die konsiliasiegees het triomf gehou. Op die Markplein is 'n tweetalige dankseggingsdiens gehou. Onder al die geskitter het die Teol. Skool ook geskitter—deur sy afwesigheid. Die Skool kon nie saam feesvier nie, maar was soos een wat in stilte gerou het.

Toe jingoïsme in 1915 tot kookpunt aangestook is, moes die Teol. Skool in Potchefstroom dit ontgeld. Daar was gevaar dat die Skool geplunder en afgebrand kon word. Snags moes daar wag gestaan word en 'n hele kommando van studente en inwoners is gevorm om die geboue te beskerm. Hierdie haat teen die Skool het sy oorsaak hierin gevind dat die ultra-lojaliste besef het dat die koers en rigting van die Skool Christelik-Nasionaal is:

Wat die volksonderwys betref, het die Teol. Skool van die begin af gepleit en gewerk vir Christelik-nasionale onderwys. Van die stigting van die Skool af aan was die plan van die ou vaders 'n inrigting wat nie alleen predikante oplei nie, maar ook jong manne in ander kundighede bekwaam maak. Dit was nie so asof daar nie elders geleenthede was om hierdie ander kundighede magtig te word nie en dat die Skool om hierdie rede 'n geleentheid moes bied om dit te verwerf. Maar die rede was dat die ou vaders instinktief aangevoel het dat die gees en koers van die ander inrigtings wat opleiding in daardie kundighede gebied het, nie 'n Christelike en nasionale lewensbeskouing bevorder het nie. Hulle wou nie maar onderwysers en prokureurs en dokters hê nie, maar hulle wou

die *regte* manne hê—manne met die regte lewens- en wêreldbeskouing. Van die begin af het hulle gewil dat die Teol. Skool sal staan vir 'n eie beginselkoers in die onderwys. Hierdie beginselkoers word aangedui as die Christelik-nasionale. En die Teol. Skool wat self uit hierdie beginsel geleef en gegroei het, het gedurig gepleit en gestry vir Christelik-nasionale volksonderwys. Onlangs is op 'n kongres deur 'n hoogleraar van 'n ander kerk verklaar dat aan die „Doppers" op Potchefstroom die eer gegee moet word dat hulle na die Engelse oorlog die eerste was om die saak van C.N.O. aan te pak. Soos een man het hulle hulself te weer gestel teen die gees van die tyd, omdat hierdie gees nie alleen die volk sou denasionaliseer nie, maar ook sou ontkersten.

Daar was baie teenkanting in die afgelope vyf-en-sewentig jaar. Daar was ook baie misverstand. Daar was ook baie wanvoorstellings van wat die Teol. Skool en die Geref. Kerk in hierdie verband voorgestaan het. Daar is ook nie altyd helder onderskeie tussen die *beginsel* van Christelik-nasionale onderwys en *tydelike skoolpolitiek* nie. En al na gelang die skoolpolitiek dan hierdie, dan daardie vorm aangeneem het, is die beginsel deur teenstanders en bestryders daarmee vereenselwig. Nou eens is daar gepleit en gestry vir „vrye skole," d.w.s. skole, vry van alle staatsbemoeiing; 'n ander keer vir „vrye skole met staatsubsidie"; nou eens vir „kerkskole," onder beheer van die kerkrade; dan weer vir „ouerskole," opgerig en beheer deur groepe van gelykgesinde ouers. So was daar nog ander vorme van skole wat in die loop van die afgelope 75 jaar voorgestaan is. Dit was egter maar net wisselende skoolpolitiek wat dan hierdie, dan daardie vorm aangeneem het. In en onder dit alles het die Teol. Skool en die mense van die Geref. Gemeentes vasgehou aan die beginsel: Christelik-nasionale onderwys vir die Afrikanervolk. In eie boesem was daar wel meermale verskille oor die onderwyspolitiek wat op 'n bepaalde tydstip gevolg moes word, maar nie oor die beginsel nie.

Deur gedurig die pleit te voer vir Christelik-nasionale onderwys het die Teol. Skool soos 'n konsensie van die Afrikanervolk gewerk. En ons mag onsself hiermee vlei dat die gesonde onderwysbeginsel wat die Teol. Skool vir driekwarteeu voorgestaan het, deurwerk in die breë geledere van die volk. Dit is vandag nie meer net 'n „klompie Doppers en Hollanders" wat optree vir die beginsel van Christelik-nasionale volksonderwys nie, maar die beginsel het in baie breër kring reeds weerklank gevind.

Met dankbaarheid kan getuig word dat die Teologiese Skool ook vandag nog dieselfde Christelik-nasionale koers hou. Die stryd van prof. dr. C. J. H. de Wet vir 'n Christelike Boerepupbliek het in die laaste jare as 'n kragtige wekroep gedien. Aan die „Aliwalse Manifes" wat in 1942 die lig gesien het, is die arbeid van al drie teologiese pro-

fessore ten koste gelê, in medewerking met andere. Hierdie manifes vertolk die gees van die Boerevolk en toon duidelik dat die Teologiese Skool ook leiding wil gee in die stryd van die volk. Ter afsluiting word enige aanhalinge uit die genoemde manifes gedoen om te staaf wat so pas vasgestel is.

(I) OPROEP.

*Ons wil nie 'n republiek hê nie—*

waarin die naam van God Almagtig wel in die grondwet staan, terwyl verder in die wetgewing geen rekening met Sy gebod gehou word nie;

waarin 'n toevallig saamgegooide stemmemeerderheid sal aanwys wie die gesag sal uitoefen;

waarin vreemdelinge wat hier 'n betreklik korte tyd vertoef het en besig is om ons volk uit te buit, stemreg sal hê;

waarin ministers, wat self parlementslede is, die regeermag sal uitoefen en dus regters oor hul eie werk sal wees;

waarin die grenslyn tussen die seuns van die land enersyds en naturel en kleurling andersyds uitgewis sal word;

waarin opnuut met vreemde staatstelsels geëksperimenteer sal word, terwyl die grondgedagtes van 'n eie, histories-geworde Boere-republiek veronagsaam word;

waarin die kerk van Christus aan bande gelê word sodat dit nie die volle Raad van God mag verkondig nie;

waarin 'n skoolstelsel van krag is wat wel Christelik en nasionaal heet, maar in wese humanisties en onnasionaal is;

waarin die kapitalisme, onder die skyn van vooruitgang, hoogty vier, terwyl die volk van die land aan 'n proses van verarming onderwerp word;

waarin vanweë 'n wydgeopende immigrasiedeur 'n mengelmoes van mense saamgegaar word sonder beskerming vir die oorspronklike ontginners van die land.

SO 'N REPUBLIEK WIL ONS NIE HÊ NIE!

*Ons wil 'n republiek hê—*

waarin die oppergesag van God ten volle en in alle volksaangeleenthede erken sal word;

waarin die stemreg sal toekom aan die seun van die land met uitsluiting van almal wat aan 'n buitelandse tuiste hul hart verpand;

waarin die stem van die volk as middel die gesagdraende president sal aanwys;

waarin die Volksraad as verteenwoordiging van die volksbelang inderdaad vir die volk in sy verskillende skakeringe by die owerheid sal intree;

waarin 'n skoolstelsel sal bestaan wat in gees en rigting geheel en al Christelik en nasionaal sal wees en wat vir ouers en owerheid hul regte sal waarborg;

waarin die volksarmoede opgehef sal word deur doelmatige beheer oor en diensbaarstelling van die rykdomme van die land;

waarin deur 'n suiwere distribusiewese aan die boere regmatige pryse vir hul produkte gewaarborg en aan elke arbeider 'n menswaardige bestaan verseker sal word.

SO 'N REPUBLIEK WIL ONS HÊ!

Mag ons Teologiese Skool koershou, soos deur die vaders van die stigting begeer;

„GEREFORMEERD EN NATIONAAL."

Dan is ons vol moed vir die toekoms!

Potchefstroom. J. V. COETZEE.